SARS SAL VANAF 1 APRIL 2018 SUIKERBELASTING (SBL) INVORDER

PRETORIA, Vrydag, 15 Desember 2017 — Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal vanaf 1 April 2018 Belasting op Suikerversoetekoeldranke (SBL) hef.

Die heffing is ingevolge die Tariewe en Monetêre Bedrae en Wysiging van Inkomstewette Wetsontwerp, 2017, soos deur die parlement bepaal op 5 Desember 2017.

Deel 7A van Bylaag nr. 1 tot die Wet op Doeane en Aksyns, 1964, maak voorsiening vir ‘n gesondheidsbevorderings-heffing op suikerversoetekoeldranke wat in Suid-Afrika vervaardig is of na die land ingevoer is. Ingevoerde produkte sal belas word wanneer dit uitgeklaar is vir tuisverbruik en plaaslike vervaardigde produkte sal by die bron belas word.

SBL-opgawes en betalings kan elektronies ingedien word deur SARS eFiling en sal ook by Doeane en Aksyns takke aanvaar word.

Lisensiëring en registrasie van vervaardigers van suikerversoetekoeldranke sal vanaf Februarie 2018 in aanvang neem. Slegs kommersiële vervaardigers wat suikerversoetekoeldranke met ‘n suikerinhoud van meer as 500 kg per jaar vervaardig, moet gelisensieerd wees en SBL betaal. Nie-kommersiële vervaardigers onder hierdie drumpel word verwag om te registreer, maar sal nie aan SBL onderhewig wees nie.

Die heffing is vas op 2.1 sent per gram van die suikerinhoud wat 4 gram per 100 ml oorskry, wat beteken dat die eerste 4 gram per 100 ml heffingvry is. Die heffing is deel van die regering se program vir die verkoming en beheer van nie-oordraagbare siektes en dra by tot die voorkoming en beheer van vetsug.

SARS sal belanghebbendes in die bedryf gedurende promosietoere betrek om hulle deur die proses te lei. Datums vir die promosietoere sal gedurende Januarie 2018 op die webtuiste gepubliseer word. Inligting oor die SBL is beskikbaar op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za.